FEBA SUID-AFRIKA

# FEBA Radio SA se Gebedsendelinge

# *Saam in Gebed*

## *Maart 2026*

**Sondag 1 Maart:** FEBA saai al vanaf 1948 na Pakistan uit en die plaaslike kantoor is in 1974 oopgemaak. Vandag deel FEBA Pakistan die Goeie Nuus met luisteraars op 'n geestelike en praktiese wyse, en opvolgwerkers spandeer ure om luisteraars se vrae te antwoord. Ondanks die weerstand en vyandigheid wat Christene verduur, is daar gesinne wat in die geheel Christus leer ken deur FEBA se uitsendings. Bid vir Direkteur Shahzad en sy span soos hulle aanhou nuwe maniere vind om die evangelie met luisteraars in Pakistan te deel.

---

**Maandag 2 Maart:** Bid vir die mense van Balochistan, Pakistan, wat gedurig vasgevang word in die kruisvuur tussen owerhede en rebelle. Die provinsie is die grootste, maar ook armste, in die land. Bid dat FEBA Pakistan se uitsendings luisteraars sal bereik en in staat sal stel om ware vrede deur Jesus Christus te ontdek.

**Dinsdag 3 Maart:** Prys God vir Sy voortdurende seën op FEBA Pakistan se bediening. Een luisteraar deel onlangs: "Julle het my aan 'n lewende, liefdevolle en barmhartige God bekendgestel, en my geloof sowel as my begrip van Christenskap versterk. Julle program, Ewige Lewe, het my gehelp om die ewige lewe deur Jesus Christus te ontvang." Vra dat vele meer in Pakistan die ewige lewe deur Christus sal ontvang.

**Woensdag 4 Maart:** "Net by God vind ek rus; van Hom kom my verlossing. Net Hy is my rots, my verlossing, my toevlugsoord; ek sal beslis nie wankel nie" (Psalm 62:1-2 Afr20). Bid dat gelowiges in Pakistan wat vervolg word, by God sal rus vind.

**Donderdag 5 Maart:** 'n Verandering is besig om plaas te vind onder Pakistan se nie-Christen jeug – hulle raak meer oop vir die evangelie. FEBA Pakistan se sosiale media-bediening ontvang 'n sterk, positiewe reaksie vanaf jongmense en het tot dusver meer as 100 000 kyke gekry. Bid dat elke stukkie inhoud 'n saadjie sal plant wat blywende vrug dra.

**Vrydag 6 Maart:** Vandag is Wêreld Biddag en vanjaar se tema, wat deur die vroue van Nigerië gekies is, is: "Kom, Ek sal jou rus gee." Gebed was nog altyd aan die kern van FEBA se bediening en God se rus is broodnodig oral in die wêreld. Bid vir God se guns oor almal wat vandag in Jesus se naam bid.

**Saterdag & Sondag 7-8 Maart:** FEBA Soedan is 'n jong radiostasie met groot uitdagings. Hoewel baie mense bly is oor die nuwe stasie, is daar ook erge teenstand vanaf plaaslike afgodaanbidders wat die span wil saboteer. Ten spyte hiervan werk God reeds kragtig deur FEBA Soedan se uitsendings en FEBA Radio SA kon onlangs 'n besending radio's stuur om in die omliggende dorpies versprei te word. Bid vir God se beskerming oor die personeel van FEBA Soedan se harte en denke, sowel as oor die stasie se infrastruktuur. Vra dat die nuwe besending radio's sal help om Sy koninkryk in Soedan uit te brei.

---

**Maandag 9 Maart:** Bid vir Ayata, FEBA Tsjad se direkteur, wat tans vir 'n maand in Soedan is om tegniese opleiding en ondersteuning aan FEBA Soedan se onervare span te verskaf. Die reis tussen Tsjad en Soedan is 'n moeilike een. Bid dat Ayata veilig sal terugkeer en dat sy tyd saam met FEBA Soedan oorvloedige vrug sal dra.

**Dinsdag 10 Maart:** "Dit voel asof hierdie radiostasie 'n geskenk van God af is om te wys dat Hy ons werklik liefhet. Baie mense het reeds verlossing deur Living Hope Radio geproe en is nou baie gelukkig om die Woord van God in hul eie tale te hoor." Loof God vir Sy werk deur FEBA Soedan en bid vir herlewing oral in die land!

**Woensdag 11 Maart:** "Om te glo, is om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie… Omdat ons glo, weet ons dat die wêreld deur die woord van God geskep is: die sigbare dinge het dus nie ontstaan uit iets wat ons sien nie" (Hebreërs 11:1,3 Afr83). Kom ons bid dat al God se kinders onwrikbare geloof in Hom sal ontvang.

**Donderdag 12 Maart:** Bid vir Khalid, wat tans dien as FEBA Soedan se stasie-koördineerder. Bid dat hy en sy span sterk in die geloof sal staan en sal voortgaan met hul werk ten spyte van teenstand. Vra vir God se seën oor hul gesondheid en gesinne, en vir Sy wysheid soos wat hulle programme ontwikkel om die evangelie met luisteraars te deel.

**Vrydag 13 Maart:** RACE FM (FEBA Tsjad) gaan aan sonder sy leier, Ayata, terwyl hy in Soedan is. Bid dat bedrywighede in sy afwesigheid vlot sal verloop, en dat die personeel ywerig sal voortgaan met hul taak om die evangelie met luisteraars in N'Djamena en omgewing te deel. Vra dat God guns sal betoon aan FEBA Tsjad se span en luisteraars.

**Saterdag & Sondag 14-15 Maart:** In Januarie is jongmense in Aceh, Indonesië, genadeloos gestraf omdat hulle die sharia-wet oortree het. FEBA Indonesië saai 'n program uit oor Christen-wees in plekke waar sharia-wet afgedwing word. Die program beoog om gelowiges te bemoedig en om nie-gelowiges in te lig oor die Christelike geloof. Die program word tot dusver goed ontvang, maar omsigtigheid bly noodsaaklik. Bid vir die Christene wat in dele van Indonesië woon waar sharia-wet geld. Vra vir God se beskerming en wysheid soos wat FEBA Indonesië daar onder luisteraars bedien.

---

**Maandag 16 Maart:** Bid vir Yoke Pribadi, FEBA Indonesië se direkteur. Hy bestuur 'n groot, dinamiese bediening in die land met die grootste Moslembevolking op aarde. Dit verg energie, skerpsinnigheid, volhardingsvermoë en baie moed. Bid vir Yoke se fisiese- en geestesgesondheid, en vra dat God alles sal voorsien wat hy benodig om 'n goddelike leier te wees.

**Dinsdag 17 Maart:** 'n Luisteraar uit die melaatse gemeenskap in Tangerang het vir FEBA Indonesië gesê: "Deur radio-uitsendings, veral geestelikes, voel ek hoe Jesus se teenwoordigheid my deur my dae vergesel, selfs al is ek afgesonder van die wêreld. Ek wil aanhou om God se liefde met hierdie wêreld te deel." Bid dat diegene wat verwerp of eensaam voel, troos in God se Woord sal vind.
Woensdag 18 Maart: "As ek darem nie geglo het dat ek die goedheid van die HERE sal beleef in die land van die lewendes nie! Wag op die HERE! Wees sterk en hou moed, ja, wag op die HERE!" (Psalm 27:13-14 Afr20).

**Donderdag 19 Maart:** Yancen en sy span dryf FEBA Indonesië se jeugprogram, ASIK! ("I love to follow Christ!"), wat insluit sosiale media-inhoud, persoonlike byeenkomste, en opleiding vir jongmense om as digitale evangeliste te dien. Bid dat God sal aanhou om Yancen en sy span te inspireer, en dat Hy baie jongmense na Hom sal trek deur die ASIK!-program.

**Vrydag 20 Maart:** Bid vir Radio PARS, FEBA Indonesië se uitsending in die Farsi-taal vir vlugtelinge. Die uitsending is 'n weeklikse, twee-uur-lange potgooi, Stem van die Vlugteling, wat sowat 14 000 mense in Jakarta bereik, sowel as vele meer reg oor die wêreld deur sosiale media. Bid dat Farsi-sprekende vlugtelinge vir Christus, én 'n gemeenskap, deur Radio PARS sal vind.

**Saterdag & Sondag 21-22 Maart:** Bid vir die jongmense in Eurasië wat aktief soek na die waarheid. Sendingorganisasies reg oor die wêreld het opgemerk dat jongmense uitsonderlik ontvanklik is vir die evangelie – selfs in Moslem-meerderheid lande waar Christen-wees 'n groot risiko meebring. FEBA belê baie in hul jeugbediening en die reaksie is verstommend. Bid vir FEBA se jeugbedieningspanne in Rusland, Oekraïne, Moldowa, Kazakstan, Kirgisië, Oezbekistan, Tajikistan en Turkmenistan. Bid vir hul veiligheid, vir inspirasie en moed, en vra dat hul programme (lewens)verandering onder Eurasië se jeug sal bring.

---

**Maandag 23 Maart:** Minder as 1% van kinders in Eurasië ontvang enige Christelike onderrig. FEBA vervaardig programme wat kinders leer hoe om met Jesus “vriende te maak”. In Rusland is hierdie video’s al meer as 1 miljoen keer gekyk! Bid dat God elke program sal gebruik om Homself aan kinders bekend te stel, veral dié in onderdrukkende kulture of oorloggeteisterde samelewings.

**Dinsdag 24 Maart:** Bid vir Oekraïne se jeug, soos die 14-jarige vlugteling Serhii, wie se pa in die voorste linies veg. Eduard (direkteur van FEBA Oekraïne) skryf: “Serhii het op een van ons TikTok-video’s afgekom en ons gekontak. Ons het hom genooi om ons vennote se jeugklub by te woon. Hy het gekom, vriende gemaak, en begin om God te leer ken – iets wat hy nooit vantevore teëgekom het nie.”

**Woensdag 25 Maart:** “ ‘Laat die kindertjies na My toe kom en moet hulle nie verhinder nie, want die koninkryk van God is juis vir mense soos hulle. Dit verseker Ek julle: Wie die koninkryk van God nie soos ’n kindjie ontvang nie, sal daar nooit ingaan nie.” Hy het sy arms om die kindertjies gesit, hulle die hande opgelê en hulle geseën ...” (Markus 10:14-16 Afr83). Bid dat die jeug in Eurasië God se koninkryk sal ingaan.

**Donderdag 26 Maart:** Bid vir FEBA Kazakstan se jeugbediening. FEBA se TikTok-video’s spoor jongmense dikwels aan om kerk toe te gaan. Die span nooi hulle ook vir pizza by die ateljee, om jeugbyeenkomste by te woon of saam kerk toe te gaan. Bid vir God se seën op elke interaksie, sodat dit nie-gelowige jongmense na Christus sal lei.

**Vrydag 27 Maart:** Bid vir die jongmense in Oezbekistan, waar Islam streng afgedwing word. FEBA Oezbekistan skep kort video’s oor Bybelse onderwerpe vir sosiale media en is passievol daaroor om jong kykers te lok. Bid dat God vir Umida en haar span wysheid sal gee met inhoudskepping en vra dat jongmense positief sal reageer.

**Saterdag & Sondag 28-29 Maart:** FEBA saai al van 1991 af programme uit na Yao-luisteraars. Wat begin het as 15-minuut kortgolfradio-programme, het gegroei tot ’n mediabediening met kortgolfradio, agt FM-stasies in Malawi en Mosambiek, en ’n groot aanlyngehoor. Die Yao is geneig om vyandig teenoor Christene te wees, maar die saadjies wat die afgelope 30 jaar deur radio geplant is, dra goeie vrug. Bid dat Yao-gemeenskappe in Malawi, Mosambiek en Tanzanië FEBA se spanne sal verwelkom en ontvanklik vir die evangelie sal wees.

---

**Maandag 30 Maart:** Bid vir FEBA Radio SA se span, wat as ondersteuning dien vir al FEBA se radiostasies in Afrika. Die span ervaar daagliks God se beskerming en voorsiening. Prys Hom vir Sy ewige liefde en vra dat Hy die FEBA Radio SA-span hierdie jaar met goeie gesondheid en geestelike groei sal seën.

**Dinsdag 31 Maart:** “Ek was altyd krities teenoor Christene. Om die waarheid te sê het ek hulle gehaat omdat ek Islam so vurig nagevolg het. Vandag glo ek meer in Christenskap as in Islam, daarom moet ek in absolute geheimhouding praat en optree, want my man is ’n Moslem.” Bid dat hierdie FEBA Mali-luisteraar se man sy geloof in Christus sal plaas.




+27 12 335 5708 | info@febaradio.co.za | www.febaradio.co.za

+27 81 265 4801 | FEBARadioSA | feba_radio_sa